Telefoon: (012) 332-3222 | e-posadres: gsdp@gsdp.org.za | webwerf: www.gsdp.co.za

GEREFORMEERDE SKOOL
DIRK POSTMA

# INFO 12/2026

24 Julie 2026

## Van die skoolhoof

### Visie

**Neh. 2:17–18: "Kom, laat ons die muur van Jerusalem herbou ..." Die volk het verstaan wat gedoen moes word en geantwoord: "Kom ons begin bou!"**

Nehemia het 'n duidelike **visie** gehad. Toe hy hoor dat Jerusalem se mure afgebreek en die poorte verbrand is, het hy nie bloot die probleem raakgesien nie. Hy het getreur, gebid, beplan en uiteindelik opgetree. Hy het geweet wat herstel moes word, ander by die taak betrek en die doel voortdurend voor oë gehou. Daarom kon hy teenstand, kritiek en moedeloosheid weerstaan.

Sy **visie** was egter nie 'n persoonlike doelwit nie. Dit het voortgespruit uit sy kennis van God se verbond en sy begeerte om God te eer. Dit is 'n belangrike onderskeid vir 'n Christelike skool: Bybelse visie gaan nie in die eerste plek oor wat óns wil bereik nie, maar oor 'n duidelike verstaan van die roeping wat God aan ons toevertrou het.

By Dirk Postma wil ons nie die mure van Jerusalem herbou nie, maar ons kan baie uit Nehemia se voorbeeld leer. 'n Nuwe kwartaal bring nuwe geleenthede, maar ook nuwe uitdagings. Om nie deur die uitdagings oorweldig te word nie, moet ons ons skool se visie voortdurend voor oë hou: die beeld van wie ons as Gereformeerde skool behoort te wees en hoe gehoorsame diens aan ons **roeping** moet lyk.

Ons **visie** is nie bloot 'n mensgemaakte droom oor 'n gewenste toekoms nie. Dit is in God se Woord begrond en gerig op sy eer en die uitbreiding van sy koninkryk.

Wanneer ons luister na die verhale oor waarom ons skool oorspronklik gestig is, staan die gedagte van reformasie sentraal. Die baanbrekerstigters het die begeerte gehad om die samelewing tot eer van God te reformeer. Hulle wou deur Gereformeerde onderwys 'n geslag verbondskinders toerus om vanuit 'n Bybelse lewens- en wêreldbeskouing te dink en te leef.

Hierdie **visie** moet ons as onderwysers, ouers, leerders, lede en bestuur steeds aan iets groter as onsself verbind. Wanneer 'n gemeenskap die visie verstaan en omarm, begin almal in dieselfde rigting beweeg. Dit skep eienaarskap, rig ons besluite en help ons om tussen hoofsake en bysake te onderskei. Dit bepaal ook hoe ons ons tyd, geld en energie aanwend en help ouers om duidelik te verwoord waarom hulle Christelike onderwys kies.

Mag ons in hierdie kwartaal die doel helder voor oë hou en met oortuiging saam sê: **"Kom ons bou!"** Mag ons die Here se Naam deur ons gehoorsame diens ook deur hierdie skool verheerlik.

*Saskia Meijer*



## Beplanner

**24/07:** Landloop Laerskool Rooihuiskraal te Prime View

**25/07:** Jukskei-kliniek

**27/07:** LS Konsert-kleedrepetisie met konsertklere te Doxa Deo

**29/07:** LS Konsert-kleedrepetisie met skoolklere te Doxa Deo

**29/07:** Hokkie 0/10 en 0/11 Seuns te LS Bakenkop

**30/07:** HS Oueraand

**30/07:** Hokkie 0/10 en 0/11 Meisies te LS Bakenkop

**30/07:** SAMF-Olimpiade

**31/07:** LS Konsert 18:00

**31/07:** Landloop te Eduplex

**01/08:** HS Jukskei Driespel

**01/08:** LS Konsert 10:00

**03/08:** Conquesta begin

**03/08:** Tennisliga begin

**04/08:** ATKV-Tienertoneel

**07/08:** Sagtebal vs HS Erasmus (weg)

**07/08:** HS Netbal Fast Fives en SpeedBeez

**07/08:** Gr.4-7-uitstappies

**08/08:** HS Netbal SpeedBeez

# ALGEMEEN

**Watter kommunikasieroete volg ons by die skool?**

Goeie kommunikasie tussen ouers en die skool is baie belangrik. Om navrae en probleme so vinnig en doeltreffend moontlik te hanteer, vra ons dat ouers asseblief die volgende **kommunikasieroete** volg:

Die **voogonderwyser** is die eerste kontakpersoon. Stel die voogonderwyser asseblief in kennis van afwesighede, voorkomsaangeleenthede of enige ander sake wat u kind direk raak.

Indien die saak nie deur die voogonderwyser opgelos kan word nie, kan die betrokke **fasehoof** gekontak word:



**Kleuterskool:** Elske Pretorius
**Graad 1–3:** Mari-Susan van Straten
**Graad 4–7:** Mart-Mari Beukes
**Graad 8–9**: Lynni Enslin
**Graad 10–12:** Wenny Bouwmeester

Indien die saak daarna steeds nie bevredigend opgelos is nie, kan dit na die **skoolhoof** verwys word.

Vir algemene administratiewe navrae kan die volgende persone gekontak word:

**Laerskoolkantoor:** Lienkie Vallentgoed
**Hoërskoolkantoor:** Marion Boersema

Deur hierdie kommunikasieroete te volg, verseker ons dat navrae by die regte persoon uitkom en so spoedig moontlik aandag geniet.

Baie dankie vir u samewerking.

# Kleuterskool

**Neem kennis van die volgende datums:**

**27 Julie:** Kleedrepetisie (Met konsertklere)

**29 Julie:** Kleedrepetisie (Gewone klere)

**31 Julie:** Lekkertjiedag/Konsert (18:00)

**1 Aug:** Konsert (10:00)

**10 Aug:** Vakansiedag

**28 Augustus:** Snoepie op die stoepie

**1 September:** Vrolike voetjiesdag

**18 September:** Oupa-en-oumadag

**19 September:** Witolifantverkoping

**22 September:** Oueraand

**23 September:** Skool sluit





# Laerskool



## UITSTAPPIES

**Graad 4**
**Voortrekkermonument**
**(Pioniersentrum)**
**R300**

**Graad 5**
**Gold Reef City**
**R660**

**Graad 6**
**KragDag Ekspo**
**R250**

**Graad 7**
**Kwalata, Dinokeng**
**R300**

Formele skrywe en vrywaringsvorms volg volgende week.

**Vrydag, 7 Augustus**

Laerskool

# Verlore klere soek hul eienaars!

Beste ouers

Daar is sekere dinge wat byna universeel by skole voorkom: kinders wat groei, potlode wat verdwyn en klere en kosblikke wat skynbaar besluit om ’n eie lewe te begin!

Ons versameling **verlore klere** het tans só groot geword dat die ontvangslokaal én die klerestoor begin lyk asof ons ’n tweedehandse klerewinkel bedryf. Ongelukkig het ons nie genoeg mannekrag om elke verlore trui, skoen of kosblik voortdurend te identifiseer en met sy eienaar te herenig nie.

Om die verlore items vinniger terug by hul regmatige eienaars te kry, gaan ons voortaan die volgende **prosedure** volg:

1. Alle verlore klere word in die klerestoor gebêre.
2. Tannie Emily sal die klere elke Vrydag uitpak, sodat ouers en leerders kan kom kyk of iets bekend lyk.
3. Klere wat teen die einde van die maand steeds nie opgeëis is nie, sal gewas en by die klerebank opgeneem word vir herverkoop.
4. Wanneer u klere by die klerebank aankoop, vra ons dat u asseblief die vorige eienaar se naam verwyder of duidelik doodtrek en u eie kind se naam aanbring. Anders kan ’n trui moontlik weer na sy vorige eienaar probeer terugkeer!

Help ons asseblief deur alle klere, skoene, tasse en kosblikke duidelik met u kind se naam te merk. ’n Naam in ’n kledingstuk is steeds die vinnigste pad huis toe.

Baie dankie vir u samewerking — ons hoop om binnekort weer die vloer van die klerestoor te kan sien!



# Hoërskool

## Oueraand

Oueraand vind op **Donderdag 30 Julie 2026** vanaf **17:00** tot **19:00** plaas. Ons nooi ouers uit om vir **mev Marion Boersema** by die kantoor te skakel om afsprake met die vakonderwysers te maak. Afsprake vind plaas in 10-minuut tydgleuwe. Indien u langer as 10 minute met 'n onderwyser wil gesels, vra asseblief vir 'n dubbele afspraak.

## Tennis

GSDP neem vanjaar vir die eerste keer aan die **tennisliga** deel. Ons onderskeie spanne speel elke **Maandag** teen verskillende skole. Ons sien baie uit na die nuwe opwindende geleentheid. Sterkte aan ons spanne!

## Toneel in die pylvlak!

Hoërskool Dirk Postma se eerste volwaardige toneelstuk is op **23 Julie** opgevoer! Dit was voorwaar 'n eerste wat baie spanwerk en deursettingsvermoë van die Dirkies geverg het. Maar nog is het einde niet!

Ons maak nou reg om aan die die **ATKV–Tienertoneel** se jaarlikse landwye dramafees vir hoërskoolleerders deel te neem. Duisende tieners neem landwyd deel en kry elkeen 'n mentorskapsessie deur ervare beoordelaars. Net in die Gauteng-Streeksfees 2 **(4-8 Augustus)** word 22 toneelstukke opgevoer. Die topproduksies word uitgenooi na die ASEM-finaal van 29 September tot 3 Oktober by die Kunstekaap in Kaapstad.

Ons streeksfees word deur Hanna Brothwick en Bertha le Roux-Wahl, Emma in 7de-laan, beoordeel en gementor. Ons streeksfinaal vind op 8 Augustus om 16:30 plaas.



## Hoërskool

**Conquesta Olimpiade**

Die Conqesta Olimpiade sal vanaf **3 Augustus tot 17 Augustus** plaasvind. Die leerlinge sal binne die volgende week die datums en tye van die vraestelle ontvang.



# Wen Wetenskap & Wiskunde / Win Science & Maths.

**Graad 10 tot Graad 12**
**Wetenskap Pakkette:**

- Teorieboek met opsommings, vrbe & verduidelikings.
- Flashy Flitskaarte.
- 20 Eksamen Vraestelle met Memo's.

**Grade 10 to Grade 12**
**Science Combos:**

- Theory Book with summaries, examples and step by step explanations .
- 20 Exam Papers with Answer Sheets.
- Flashy Flash Cards.

**Graad 8 tot Graad 12**
**Wiskunde Pakkette:**

- Eksamenhulp Vraestelle met Memo's.
- Helena se Teorieboek (Slegs Graad 10 tot Graad 12).
- X-Faktor Werkskaarte en Opsommings.

**Grade 8 to Grade 12**
**Math Combos:**

- Examination Aid Exam Papers with Answer Sheets.
- X-Factor Worksheets and Summaries.

**LISTEN TO THE PODCAST OF HELENA SPEAKING ON RSG ON THIS LINK**

**PLEASE VISIT**
**HTTPS://WENWETENSKAP.CO.ZA**
**HELENA - 0845103373**
**HV.VERWEY@GMAIL.COM**


Aros
Studeer
ONDERWYS
“Arrieveer” in 2027 – waar jou roeping om te onderrig, te inspireer en ’n verskil te maak, begin!
• ’n Toeganklike afstandsonderrigmodel
• Ten volle geakkrediteer
• ’n Wye verskeidenheid onderwyskwalifikasies
• Werk én studeer
• Studeer in Afrikaans, jou moedertaal
• ’n Christelike grondslag
www.aros.ac.za
info@aros.ac.za
012 332 3227

# Snapscan Kodes

Doen betalings vir skoolfonds of boufonds met behulp van die "snapscan"-kodes of een van die volgende:
EFT
D6-toep
Kaartfasiliteit (laerskoolkantoor)

Ons hanteer GEEN KONTANT nie.

Onthou om altyd u familiekode en die doel (as dit anders is as skoolfonds) te gebruik, byvoorbeeld 0123 BOUFONDS.

Snap here to pay
SnapScan
**GSDP-SKOOLFONDS**

Snap here to pay
SnapScan
**GSDP-BOUFONDS**

## Ondersteun GSDP & Herwinning

### Blits




**Wanneer u aankope te Blits doen, noem asseblief dat u 'n GSDP-ouer/-ondersteuner is.**

**Dankie vir u ondersteuning!**

### My school

Hoe werk die MySchool-kaart? Vir aankope by winkels wat gekoppel is aan die kaart, bv Woolworths, ontvang die skool maandeliks 'n persentasie van die aankope.
Indien u nog nie 'n kaart het nie, besoek die web-tuiste van MySchool en volg die skakel na "Get a MySchool card now". Dit is baie maklik en neem enkele minute.

**Ons het afgelope jaar R 16 405,00 uit hierdie projek ontvang.**

MySchool MyVillage MyPlanet

### Pick n Pay, Waverley Plaza

Pick n Pay
Inspired by you

**Plaas asseblief al u kasregisterstrokies in die houer, gemerk "Dirk Postma". Die skool in die Moot met die MEESTE kasregisterstrokies (nie geldwaarde nie), ontvang aan die einde van die jaar 'n kontantbedrag.**

### GSDP: Glasprojek

Ondersteun asseblief ons glasprojek deur al u "afval"-glas in die houers te Cunninghamlaan te plaas.

**Baie dankie dat ons kan staatmaak op u ondersteuning.**
**Saam kan ons probeer om die nasionale wenner in 2026 te wees.**

